

**Die Universiteit van Pretoria se  
eeufeesviering in 2008:  
Woorde van gelukwense deur die  
Nederduitsch Hervormde Kerk van  
Afrika**

Die Kerkhervorming van die ses-tiende eeu was 'n belangrike stimulus vir akademies-universitaire opleiding van predikante. Die ontstaan van die oudste universiteite in Europa is ten nouste verweef met teologiese fakulteite. In sommige gevalle het universiteite gegroeи vanuit 'n aanvanklike teologiese fakulteit. Die honderd jaar se geskiedenis van die Universiteit van Pretoria (UP) reflektereer ook iets van die verbondenheid van teologiese opleiding met UP. Van die honderd jaar was die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (NHKA), vanaf die vestiging van 'n teologiese fakulteit in 1917, verbonde aan die Universiteit van Pretoria.

Die NHKA is dankbaar vir die geleentheid en ruimte wat UP reeds vir een en negentig jaar aan ons bied om ons predikante hier te mag oplei. Vir die Hervormde Kerk was en is teologiese opleiding aan 'n universiteit nog altyd 'n ononderhandelbare saak. Naas die skoling in kritiese teologie-beoefening aan 'n teologiese fakulteit, is die blootstelling aan 'n breër akademiese milieu onontbeerlik vir die vorming van predikante. Ons is dankbaar en trots om te kan sê dat al die diensdoende predikante van die NHKA hulle opleiding aan UP ontvang het.

Die Universiteit van Pretoria het nog altyd, plaaslik en internasionaal, vir akademiese uitnemendheid

**The University of Pretoria's  
centenary celebration in 2008:  
A message of congratulation  
from the Netherdutch Reformed  
Church of Africa**

The Church Reformation of the sixteenth century provided an important stimulus to the academic training of ministers at universities. The origin of some of Europe's oldest universities is closely associated with faculties of theology. In some instances universities grew from the early beginnings of a theological faculty. The past hundred years of history of the University of Pretoria (UP) also reflects something of this close partnership between theological training and a university. The Netherdutch Reformed Church of Africa (NHKA) has been part of UP ever since the establishment of a faculty of theology at this university in 1917.

The NHKA is extremely grateful to UP for the opportunities and space it has offered us and which enabled us to train our ministers for the past ninety one years. Theological training at a university has been and will always be a non negotiable for the NHKA. Apart from the training in the practice of critical theology which an university faculty offers, the exposure to a broader academic milieu is indispensable in the formation of ministers. It is with pride and gratitude that we can state that all the ministers who are currently serving the Netherdutch Reformed Church

***Donald Capps' hermeneutical model of pastoral care***

bekendgestaan. Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika is juis daarom bevoorreg dat die teologiese opleiding van ons voornemende predikante aan UP mag plaasvind. Gedurende die afgelope honderd jaar het die kundigheid van UP se alumni 'n ontsaglike bydrae gelewer in die ontwikkeling van Suid-Afrika. Die NHKA se teologiese kundigheid het ook gebaat deur aan UP gebind te wees. Krities-wetenskaplike denke en navorsing is die bron van kundigheid wat essensieel is vir die uitdagings van die toekoms. Net so is wetenskaplike teologiebeoefening aan 'n Universiteit 'n *sine qua non* vir die relevansie van die kerk in die toekoms. Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika wens die Universiteit van Pretoria geluk met 'n trotse geskiedenis en talle uitnemende akademiese prestasies gedurende hierdie honderd jaar. Met hierdie feesbundel van *HTS Teologiese Studies* wil ons 'n bydrae tot die Jubileum lewer. Ons is dankbaar dat ons vir een en negentig jaar deel kon wees van hierdie trotse tradisie van die Universiteit. Ons hoop en bid dat hierdie verbintenis nog lank sal kan voortduur.

---oo---

**Prof dr T FJ Dreyer, Voorsitter van  
Kommisie van die Algemene Kerk-  
vergadering van die Nederduitsch  
Hervormde Kerk van Afrika.**

of Africa have undergone their training at UP.

The University of Pretoria has always been and still is renowned for its academic excellence, both locally and internationally. The NHKA is indeed privileged that the theological training of its candidate ministers can take place at this university. For the past hundred years UP, through the expertise of its alumni, has made a tremendous contribution to the development of South Africa. The NHKA too benefited from its association with UP. Critical-scientific thinking and research form the source for the expertise that is essential in facing the challenges of the future. Similarly, the academic practising of theology at a university is a *sine qua non* as far as the church's future relevance is concerned. The Netherdutch Reformed Church of Africa congratulates the University of Pretoria on its proud history and its numerous academic achievements of the highest order over the past hundred years. With this commemorative edition of *HTS Theological Studies* we wish to make a contribution to UP's centenary celebrations. We are thankful that we could be part of the proud tradition of the university for the past ninety one years. It is our hope and our prayer that this association may last for many years.

---oo---

**Prof Dr T F J Dreyer, Moderator of the  
Commission of the General Synod of  
the Netherdutch Reformed Church of  
Africa.**